



MUNISIPALITEIT

TARIEF BELEID

2020/2021

(REVIEWED - UNCHANGED)

INHOUDSOPGawe

1. Aanhef	3
2. Definisies en woordomskrywings	4
3. Algemene tariefbeginsels	4
4. Kategorieë van gebruikers	5
5. Kategorieë van dienste en koste	6
6. Berekening van tariewe vir kategorieë van dienste en gebruikers	7
7. Meeteenhede	8
8. Kort titel	9

Aanhef

AANGESIEN artikel 73 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Nr. 32 van 2000 (Munisipale Stelsels Wet) bepaal dat:

- a. 'n Munisipaliteit moet gevolg gee aan die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, 1996 (Grondwet) en -
 - i. voorkeur verleen aan die basiese behoeftes van die plaaslike gemeenskap;
 - ii. die ontwikkeling van die plaaslike gemeenskap bevorder; en
 - iii. verseker dat alle lede van die plaaslike gemeenskap toegang het tot minstens die minimum vlak van basiese munisipale dienste.
- b. Die munisipale dienste moet -
 - i. billik en toeganklik wees;
 - ii. verskaf word op 'n wyse wat bevordelik is vir -
 - die verstandige, ekonomiese, doelmatige en effektiewe gebruik van beskikbare hulpbronne; en
 - die verbetering van gehaltestandaarde met verloop van tyd;
 - iii. finansieel volhoubaar wees;
 - iv. omgewingsvolhoubaar wees; en
 - v. gereeld hersien word met die oog op opgradering, uitbreiding en verbetering.

EN AANGESIEN artikel 74 van die Munisipale Stelsels Wet bepaal dat 'n munisipale raad 'n tariefbeleid moet aanneem en implementeer ten opsigte van die heffing van gelde vir munisipale dienste wat deur die munisipaliteit self, of deur middel van diensleveringsooreenkomste verskaf moet word, en wat aan die bepalings van die Munisipale Stelsels Wet en enige ander toepaslike wetgewing voldoen;

EN AANGESIEN die munisipale raad van die Matzikama Munisipaliteit begerig is om uitvoering aan bogenoemde wetsbepalings te gee;

DERHALWE word daar soos volg deur die munisipale raad van die Matzikama Munisipaliteit besluit:

1. Definisies en woordomskrywings

In hierdie tariefbeleid, tensy die konteks anders aandui, sal die volgende woorde en woordbeskrywings die volgende betekenisse hê:

- a. Bobelasting op tariewe: 'n toeslag op tariewe wat deur die munispale raad toegepas mag word, wat slegs toegelaat sal word in die volgende gevalle:
 - i. in die geval van nasionale rampe;
 - ii. om buitensporige gebruik aan bande te lê; en
 - iii. in die geval van water, in droogtetoestande.
- b. Munisipaliteit: die Matzikama Munisipaliteit.
- c. Vaste kostes: kostes wat nie verander soos die volume van verbruik verander nie.
- d. Vaste tarief: die eenheidstarief wat bereken word deur die totale koste te deel deur die volume verbruik.
- e. Veranderlike kostes: kostes wat verander soos die volume van verbruik verander.
- f. Totale koste: die som van alle vaste en veranderlike kostes.
- g. Tarief struktuur: die tarief struktuur waarin die tariewe en kostes vir die verskillende kategorieë van dienste en gebruikers uiteengesit word, soos bepaal en goedgekeur deur die munisipale raad van tyd tot tyd gedurende die jaarlikse begrotingsproses.

2. Algemene tariefbeginsels

Die tariewe wat gehef word deur die munisipaliteit sal onderhewig wees aan die volgende algemene beginsels:

- a. Gebruikers van munisipale dienste moet billik behandel word by die toepassing van tariewe.
- b. Die bedrag wat betaalbaar is vir munisipale dienste, moet, in die algemeen, in verhouding wees tot die gebruik van daardie dienste.
- c. Arm huishoudings moet minstens toegang tot basiese dienste hê deur tariewe wat bloot bedryfs- en instandhoudingskoste dek, die implementering van lewenslyntariewe vir lae vlakke van verbruik van dienste of regstreekse subsidiëring vir arm huishoudings.
- d. Tariewe moet die totale koste van die diens weerspieël.
- e. Tariewe moet bepaal word op 'n vlak wat die volhoubaarheid van die diens bevorder en derhalwe moet dienste op so 'n manier gelewer word om te verseker dat die finansiering van die diens vanaf interne en eksterne bronne genoeg is om die aanvanklike kapitaal uitgawes van die diens asook die bedryfskapitaal, instandhouding-, herstelwerk- en

vervangingskostes van bates gebruik in die lewering van die diens te dek.

- f. Voorsiening moet in toepaslike omstandighede gemaak word vir 'n bobelasting op tariewe.
- g. Voorsiening mag gemaak word vir die bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling deur voorsiening te maak vir spesiale tariewe vir sekere kategorieë van kommersiële en nywerheidsgebruikers.
- h. Doeltreffende en doelmatige gebruik van hulpbronne, die herwinning van afval en ander toepaslike omgewingsoogmerke moet aangemoedig word.
- i. Die omvang van subsidiëring van tariewe sal openbaar gemaak word deur die werklike koste van die diens, die subsidiëringvlakke asook die bron van die subsidie te publiseer.
- j. Jaarlikse verhoging van tariewe sal van toepassing wees op alle heffings wat na 1 Julie van elke jaar geskied en mag verbruiken ten opsigte van 'n vorige lesingstydperk insluit.

3. Kategorieë van gebruikers

Die tarief struktuur van die munisipaliteit sal vir verskillende kategorieë van gebruikers voorsiening maak, insluitende, so ver moontlik, die volgende kategorieë:

- a. Huishoudelik.
- b. Handelsgebruikers (insluitende besighede, huiswinkels, werkswinkels, skole, koshuise, kerke, kafees, ens.) met dien verstande dat:
 - i. die munisipale raad sekere handelsgebruikers spesifiek mag identifiseer in die tarief struktuur en bepaalde tariewe aan daardie handelsgebruikers voorskryf;
 - ii. die munisipale raad handelsgebruikers in bepaalde sub-kategorieë mag plaas soos jaarliks bepaal word deur die munisipale raad gedurende die begrotingsproses; en
 - iii. handelsgebruikers wat nie spesifiek geïdentifiseer word in die tarief struktuur nie, onderhewig sal bly aan die vaste tarief of algemene tariewe voorskryf in die tarief struktuur vir die bepaalde diens.
- c. Nywerheid.
- d. Landbou.
- e. Landelik.
- f. Munisipale dienste.
- g. Ander spesiale ooreenkomste.

- h. Geografiese gebiede.

Waar daar 'n wesenlike verskil tussen die standaard van dienste binne 'n bepaalde kategorie van gebruikers bestaan, of tussen die grootte van gebruikers binne 'n bepaalde kategorie, kan die munisipale raad verskillende tariewe binne 'n bepaalde kategorie vasstel in die tarief struktuur.

4. Kategorieë van dienste en koste

Die tarief struktuur van die munisipaliteit sal vir verskillende kategorieë van dienste voorsiening maak, welke kategorieë, so ver moontlik, die volgende dienste sal insluit:

- a. Water.
- b. Elektrisiteit.
- c. Vullisverwydering.
- d. Riool.
- e. Lugbesoedeling.
- f. Kindersorgfasiliteite.
- g. Brandweerdienste.
- h. Plaaslike toerisme.
- i. Munisipale beplanning.
- j. Munisipale openbare werke, net ten opsigte van die behoeftes van munisipaliteite in die uitvoering van hul verantwoordelikhede en funksies wat ingevolge die Grondwet of enige ander wetgewing aan hulle toegewys is.
- k. Die stormwaterbestuurstelsel in opgeboude gebiede.
- l. Handelsregulasies.
- m. Kennisgewingborde en die vertoning van advertensies in openbare plekke.
- n. Begraafplose, begrafnislokale en krematoriums.
- o. Beheer oor openbare ergenisse.
- p. Beheer oor ondernemings wat drank aan die publiek verkoop.
- q. Fasiliteite vir die akkommodasie, versorging en begrawing van diere.
- r. Heinings en omheinings.
- s. Licensiëring van honde.
- t. Licensiëring van en beheer oor ondernemings wat voedsel aan die publiek verkoop.
- u. Plaaslike fasiliteite en geriewe.

- v. Plaaslike sportfasiliteite en geriewe.
- w. Munisipale parke en ontspanning.
- x. Munisipale paaie.
- y. Geraasbesoedeling.
- z. Die plaaslike skut.
- aa. Openbare plekke.
- bb. Straathandel/Straatbeligting.
- cc. Verkeer en parkering.
- dd. Boubeheer dienste en regulasies.
- ee. Gesondheidsdienste en ambulansdienste.
- ff. Biblioteke en museums.

5. Berekening van tariewe vir kategorieë van dienste en gebruikers

Die tariewe van toepassing op die verskeie kategorieë van dienste, sal wees soos uiteengesit in die tarief struktuur met verwysing na die toepaslike kategorie van gebruikers van daardie diens. Bykomend tot die tariewe en tariefbeginsels uiteengesit in die tarief struktuur, sal alle tariewe wat ingevolge hierdie tariefbeleid gehef word verder onderhewig wees aan die onderstaande algemene beginsels:

- a. Die municipale raad sal die volgende uitgawegroepe in ag neem ten einde die tariewe van toepassing op elke kategorie van dienste te bepaal:
 - i. Salarisse, lone en toelaes.
 - ii. Grootmaataankope.
 - iii. Algemene uitgawes.
 - iv. Herstelwerk en instandhouding.
 - v. Kapitaalonkoste.
 - vi. Bydrae tot vaste bates.
 - vii. Bydrae tot fondse.
 - Slegte skulde.
 - Bedryfskapitaal.
 - Statutêre fondse.
 - viii. Bruto uitgawes.
 - ix. Uitkontraktering.
 - x. Netto uitgawes.

- xi. Inkomste.
- xii. Surplus/Tekort.
- xiii. Vaste koste wat bestaan uit die kapitaalonkoste (rente en delging) op eksterne sowel as interne voorskotte en/of waardevermindering wat ook al van toepassing op die diens is en alle ander koste van 'n permanente aard en as sodanig deur die municipale raad geklassifiseer word.
- xiv. Veranderlike koste, wat alle ander veranderlike kostes wat betrekking op die diens het insluit.
- xv. Totale koste is gelyk aan die vaste en veranderlike kostes.
- b. Bestaande tariewe sal jaarliks aangepas word deur die municipale raad deur die tariewe van toepassing in die vorige finansiële jaar aan te pas ten einde nuwe kostes te verhaal.
- c. Nuwe tariewe sal bepaal word deur die algemene beginsels in ag te neem en sal baseer word op die beraamde werklike koste van die diens waarop die nuwe tarief gehef sal word.
- d. In die geval van berekening van korting, word die gemiddelde verbruik bereken wat ten volle betaal moet word en die balans van die verbruik tydens die lekasie sal bereken word volgens die laagste tarief op die gelyskale van die begroting en moet daarvolgens betaal word.
- e. In die geval van die onderstaande municipale dienste sal daar 'n jaarlikse beskikbaarheidsfooi gehef word op alle eiendomme binne die municipale area van die Municipaliteit, welke beskikbaarheidsfooi gehef sal word ten einde die kapitaal-, instandhouding- en administrasiekostes van die dienste te verhaal, ongeag van die werklike verbruik van die diens:
 - i. Water;
 - ii. Elektrisiteit;
 - iii. Riool; en
 - iv. Vullisverwydering.
- f. In die geval van elektrisiteit kan daar ook van 'n stygblok tarief, gebaseer op die aantal elektrisiteit eenhede (kilowatt-ure) verbruik, gebruik gemaak word en soos neergele deur NERSA.
- g. Enige regstelling ten opsigte van 'n foutiewe heffing, hetsy vanaf die Municipaliteit of kliënt wat municipale dienste en eiendomsbelasting betref, sal vir die huidige finansiële jaar reggestel word.

6. Meeteenhede

Die volgende meeteenhede sal waar moontlik is, gebruik word om verbruik te meet, tensy anders aangedui of bepaal word in die tarief struktuur:

- a. Water:
 - i. Kiloliter verbruik.
 - ii. Waar verbruik nie gemeet kan word nie sal 'n vaste tarief toepaslik wees.
 - iii. Residensiële verbruikers word vanaf die eerste kiloliter verbruik, aangeslaan. Slegs geregistreerde deernishuishoudings ontvang gratis water.
- b. Elektrisiteit:
 - i. Kilowatt-uur (KWH) verbruik.
 - ii. Vaste koste plus KWH verbruik.
- c. Vullisverwydering:
 - i. Blikke/sakke/dromme/vullishouers per week/maand/volume; of
 - ii. 'n Tarief na gelang van die tipe besigheid/industrie soos jaarliks bepaal gedurende die begrotingsproses.
- d. Riool:
 - i. Persentasie van waterverbruik.
 - ii. Persentasie van waterverbruik plus koste vir sterkte van wegvoer.
 - iii. Basiese diens gebaseer op die oppervlak van die perseel en vaste koste gekoppel aan die diens.
 - iv. Addisionele tarief gebaseer op die oppervlak van die perseel en veranderlike koste van die diens.
 - v. Indien die oppervlak van die perseel nie beskikbaar is nie, word 'n vaste tarief gebaseer op die gemiddelde verbruik per kategorie van gebruikers aangewend.

7. Kort titel

Hierdie beleid heet die Matzikama Munisipaliteit Tariefbeleid.